

"Geglo, bely en gered!" Romeine 10: 9 - 15.

Romeine 10:9: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

Inleiding:

Die afstand tussen hoof en hart is maar omtrent veertig sentimeters. Dit is volgens ons teks dikwels ook die afstand tussen 'n saligmakend geloof en om sonder God te wees. Daar is mense wat die hemel met dié 40 sentimeters misloop!

Nikodemus en Josef van Arimatea was fariseërs wat wel in Jesus glo het, maar nie gewillig was om Hom in die openbaar te bely nie. In Johannes 12: 42 - 43 lees ons wat God dink van 'n geheime geloof in Jesus:

Nietemin het selfs baie van die lede van die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie; **want hulle het verkies om liever deur mense geëer te word as deur God.**

In die woorde van Romeine 10: 9 het hierdie twee Joodse teoloë wel met die hart geglo, maar nie kans gesien om met die mond te bely oor Jesus nie. Wat die mense van hulle sou dink as hulle dit doen was nog vir hulle belangriker as God se openbaring in Christus. Hulle het wel geglo, maar hulle het nie 'n saligmakende geloof gehad nie.

Ons is so dankbaar oor elkeen in ons gemeente wat openlik bely dat hulle Jesus liefhet en volg. Dank die Here veral vir jongmense wie se geloof nie 'n geheime een is nie, maar dat dit bekend is, ook in hulle portuurgroep, dat hulle Christene is, omdat hulle dit sê, omdat hulle lidmate van die kerk wil wees en omdat hulle dit uitleef!

Die teenoorgestelde hiervan is netso verkeerd. Om met die mond te bely, terwyl jy nie met die hart glo nie, is natuurlik ook geen saligmakende geloof nie. Dit is blote skynheiligheid. Dit gaan oor mond en hart, woorde, geloof en lewe wat met mekaar saamstem, wat getuig van 'n verhouding met die Here waardeur ons gered is.

I Glo in jou hart

'n Saligmakende geloof begin met iets kosbaars wat jy in hart ontdek. Paulus sê jy sal agterkom dat jy in jou hart glo dat God vir Jesus uit die dood opgewek het.

Jy sien, as jy glo Jesus het uit die dood opgestaan, dan glo jy ook dat Hy vir al jou sonde gesterf het. Dan glo jy ook dat sy bediening gepaard gegaan het met wonders en tekens wat wys dat Hy waarlik die Seun van God is - self God is. As jy van harte glo dat Jesus leef, is dit geen probleem om te glo dat Hy uit 'n maagd gebore is, deur die krag van die Heilige Gees in die skoot van Maria verwek is en dat Hy die lank beloofde Messias is nie. Dan glo jy ook dat Hy Redder, Verlosser en Here is, wat met alle mag in die hemel en op die aarde regeer! Dan glo jy Hy kom weer om as Regter oor die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, te oordeel. Om in jou hart te glo dat God Jesus uit die dood opgewek het, is 'n volledige pakket; dis 'n geloof in die goeie nuus van God oor redding in en deur Jesus Christus!

Om in jou hart te glo dat God Jesus uit die dood opgewek het, beteken dat jy alles glo wat die Bybel leer oor Jesus Christus. Dit beteken ook dat jy aanvaar en weet dat alles wat Jesus kom doen het op aarde, ook vir jou was en dat jy nie meer aan jouself nie, maar aan jou getroue Saligmaker behoort.

Let op dat 'n saligmakende geloof uit die hart kom! In die Bybel staan die hart vir die middelpunt van jou bestaan. Die geestelike lewe is in die hart gewortel. Dis ook die bron van denke, emosies,

planne, oortuigings en waardes. Volgens Jesus, in Mt 15: 19 - 20 is die hart die oorsprong van ons gedrag. Hy het gesê:

Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpraterij. Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak...

Dit is in die hart waar ons God se geboorte bewaar, volgens Spreuke 3:1. Begrip en wysheid kom uit die hart, volgens Spr 2: 2 en 10. Ons word aangemoedig om die hart meer te beskerm en te bewaar as enige iets anders wat ons het, want dit is die oorsprong van alles wat ons doen en van wie ons is. (Spreuke 4: 23).

Saligmakende geloof is baie meer as kennis van die Here en beslis meer as 'n intellektuele instemming tot die feite en die geskiedenis rondom Jesus se lewe. Nee, dit kom uit die hart. Dit betrek ons siel, ons gedagtes en denke, ons emosies, ons gevoelens - die beheersentrum van ons karakter en van ons persoonlikheid. Saligmakende geloof betrek ons hele lewe - ons ganse wese!

Om eerlik en opreg te kan deelneem aan God se werk as 'n Christen, beteken om uit die hart te glo dat Jesus die lewende Verlosser is. Dat Hy is wie Hy gesê het dat Hy is en om te weet dat Hy gedoen het wat God belof het die Messias op aarde sou kom doen - en dat Hy dit vir jou gedoen het.

II Bely met die mond:

Maar 'n saligmakende geloof sluit baie meer in as die hart. Dit sluit ook die "mond" in, volgens ons teks. Paulus leer ons hier dat die geredde mens met die mond moet bely dat "Jesus die Here is". Daardie 40 sentimeters tussen die hart en die mond moet ook oorbrug word. Deur God se genade kan jy ook met die mond bely, wat jy in die hart glo!

Wat beteken dit om te "bely"? Waarvan praat Paulus hier? Laat ons dadelik sê dat geloofsbelydenis nie 'n seremonie is nie - soos bv 'n gradeplegtigheid of 'n prysuitdeling nie. Studente kan gewoonlik nie wag om te gradueer of hulle diplomas en sertifikate te ontvang nie, want dit beteken jy is nou klaar is met die baie boeke, take, eksamens, opdragte en al die ander "vermoeiende" dinge wat met studie gepaard gaan. Openbare belydenis van geloof in die kerk, voor die gemeente, is nie 'n gradeplegtigheid wat 'n einde maak aan 10 of meer jaar se leer oor die Christelike geloof nie. 'n Christen kom nooit klaar geleer oor wat die Bybel sê nie. Wanneer ons die dag in die openbaar voor ons gemeente, familie en vriende ons geloof bely, dan begin ons leer hoe om as volwasse gelowiges Bybels te leef, Jesus te volg en God lief te hê.

Dis in elk geval nie so 'n seremonie - soos ons konfirmasie (openbare belydenis) waaraan Paulus dink, as hy hier skryf nie. Dié seremonie het eers later in die geskiedenis van die kerk tot stand gekom. Nee, Paulus praat eintlik oor ons lewe, die res van ons lewe, nadat ons ontdek het dat ons in ons harte glo dat God Jesus uit die dood opgewek het.

In Grieks beteken bely twee dinge. Jy kan "saam" met mense bely en jy kan "teenoor" mense bely. Saam met die kerk van alle tye, sedert die tyd van die apostels tot nou, bely ons nou elke dag van ons lewe dat "Jesus die Here is". En teenoor almal met wie ek in aanraking kom, vir die res van my lewe en in elke omstandigheid, bely ek "Jesus is die Here". Met my woorde, my gesindheid, my waardes en met my dade. Ja, met my hele lewe!

Paulus praat nie hier oor konfirmasie nie. Dié openbare belydenis tydens 'n erediens is maar net die begin van en aanmoediging tot 'n nuwe lewe waarin my hele bestaan in die teken sal staan van die Heerskap van Jesus. Dis 'n manier om Hom te begin bely voor die wêreld. Ons moet selfs erken dat dit maar net een van die maniere is waarop Christene begin om aanspreeklik te wees vir die feit dat hulle hele lewe onder die Heerskap van Jesus staan.

Ons moet Jesus bely as Here voor almal by die werk, by die skool, op universiteit en kollege, as ek speel en as ek met vakansie is. Teenoor my vriend en vriendin, teenoor man, vrou en kinders.

Teenoor vriende en vreemdelinge! Dit mag begin met 'n oomblik waar ek voor Jesus kniel en die kerk my in die Naam van God sien en die ouderlinge van die kerk vir my bid! Maar dis maar net die begin van my belydenis en dit duur voort tot op die dag dat elke knie op aarde sal buig voor Hom en elke tong sal bely, dat Jesus die Here is.

As ek sê "Jesus is Here" erken ek Hom as Eienaar, Meester en Koning van my hele lewe. Saam met God se kinders en saam met alles wat God gemaak het, beteken dit om te Hom te erken - en om te leef - in die lig van die waarheid dat Hy my geroep het om Hom te dien met my hele lewe en om in alles aan Hom gehoorsaam te wees.

Voor Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy verklaar dat Hy alle mag op aarde en in die hemel het. (Mt 28:18). Daarom kan Hy, ons Here, ons opdrag gee om dissipels te gaan maak van alle nasies en volke en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het. (Mt 28:19-20), Hy is Heer oor alles en ons en die mense teenoor wie ons Hom as Here bely moet hulle in alles onderwerp aan Hom. Want Hy, Jesus, is Here!

Jesus is nie maar net een van baie goeie geestelike leiers nie! Hy is God. Hy is Here. Hy is Skepper! Hy alleen is die Weg, die Waarheid en die Lewe! Jesus, en Jesus alleen, is Here. As jy met die mond bely dat Jesus die Here is - die Jesus wat God uit die dood opgewek het - dan sê jy ook niemand anders is so, soos Hy, Here nie! Dan sê jy net Hy is Koning, net Hy regeer oor alles wat jy doen. Net Hy, die Lewende, is in beheer van alles en daarom in beheer van jou wat Hom volg en Hom liefhet!

Appél:

Wie Jesus nie as Here bely met die mond, met die lewe, nie, ken Hom nie as Redder en as Verlosser nie. Wie voor die kerk gestaan en Hom bely het, wie by sy Tafel aansit om Hom te bely, te gedenk en te ontvang as Verlosser, ken Hom ook as Heer en Koning, as hoogste Regter, as Leidsman. Wie in die kerk seremonieel bely dat Jesus Here is, omdat hulle in die hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het en Hy daarom Saligmaker is, het ook die 40 sentimeters tussen hart en mond oorbrug en dit is duidelik sigbaar in alles wat hulle doen.

Maar laat ons nie van die genade vergeet nie. Die sekerheid dat ons aan Hom behoort rus nie op ons swak geloof of ons skamele pogings om sy Heerskap uit te leef nie - hoewel dit die doel van ons redding is. Ons sekerheid rus op God se genade, op sy onfeilbare beloftes, op die voldoende en volledige werk van Christus vir ons en in ons. Die sekerheid van wat ons glo in die hart en die oorsprong van wat ons bely met die mond, rus enkel en alleen op God se beloftes dat elkeen wat Hom, Jesus, aangeneem het, die mag het om kinders van God te wees.

Dit is die Woord van die Here.

In die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees.

Amen.